

# Dagstukkies

## NG Gemeente Wonderpark



Gedurende hierdie maand vier ons Vadersdag en daarom gesels ons vir die volgende twee weke oor manne in die Bybel.

### DAG 1 MANNE IN DIE BYBEL

In die stad aangekom, is hulle na die bovertrek toe waar hulle gewoonlik vertoef het. Dit was Petrus en Johannes, Jakobus en Andreas, Filippus en Tomas, Matteus, Jakobus seun van Alfeus, Simon die Seloot en Judas seun van Jakobus... Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed ...

Handelinge 1:13b, 14b

Daar sit hulle... almal... in die bladsye van Handelinge. Elf mans... eenvoudige manne... meestal vissersmanne... Eenvoudige mans aan wie Jesus die Evangelie toevertrou het. Hulle was nie slegte mans nie maar hulle CV's was nou nie juis indrukwekkend nie. Nie uitstaande raakvatters nie. Maar hulle en hulle boodskap het die wêreld verander. God kan buitengewone dinge deur gewone mense doen. Daarom het ek dit goed gedink dat ons hierdie maand stilstaan by manne uit die Bybel. Manne wat soos dag en nag van mekaar verskil het. En ja, sommige was dinamiese voorlopers en leiers – die Hektors en Achilles'se. Maar ander was net ondersteunende byspelers -die voetsoldate.

Daar was dié wat verkeerde besluite geneem het.

Daar was dié wat radikale veranderings in hulle lewens geneem het.

Daar was dié wat deur die lewe gelouter is en dié wat daardeur amper geknak is.

Maar almal het een ding in gemeen gehad: daar was 'n oomblik of oomblikke met God. God wat uitgereik het na elkeen van hulle. En elkeen het dit anders hanteer.

Soos ons hierdie week gaan stilstaan by 'n paar van hierdie manne mag ons dalk beseft dat ons en hulle baie meer in gemeen het as wat ons aanvanklik kon dink.



## **DAG 2**

### **Andreas**

Daarna het Andreas eers sy broer Simon gaan soek en vir hom gesê:  
“Ons het die Messias gekry!” Hy het hom na Jesus toe gebring.

Johannes 1:41

Die eerste ding wat Andreas doen nadat hy tyd met Jesus spandeer het, is om vir sy broer Petrus te vertel van Jesus. Dikwels dink mense dat om vir ander van Jesus te vertel is die laaste ding wat jy as Christen doen. Maar met Andreas is dit die mees natuurlike ding wat hy kon doen. Hy ontmoet Jesus, spandeer tyd met hom en bring sy familie na Jesus toe.

Dit is die moeilikste om familie na Jesus te bring want hulle ken jou intiem. Andreas leer ons om werklik moeite te doen om ons gesin en ons familie saam met ons kerk toe te bring en seker te maak dat ons kinders by 'n geestelike groepie aansluit en dat ons huisgodsdien hou.

Sonder Andreas sou daar nooit 'n groot Petrus gewees het, wat die eerste Christelike preek gehou het en duisende tot bekering laat kom het nie. Daardie duisende het weer honderde duisende ander tot bekering laat kom. Andreas bring een man na Jesus en dié man sou duisende na Jesus bring en miljoene na hom deur die briewe wat hy geskryf het.

Andreas was nie 'n dinamiese persoon en uitnemende spreker nie. Ons kan elkeen iemand na Jesus bring sonder om geestelike reuse te wees.

## **DAG 3**

### **Andreas**

In 1934, op 24-jarige ouderdom word Albert McMakin 'n Christen. Hy was so opgewonde oor sy nuutgevonde liefde vir God dat hy 'n vragmotor vol mense opgelaai het om hulle na 'n reeks byeenkomste, waar 'n prediker oor Jesus gepraat het, te neem. Een van die boere wat Albert graag na die prediker se diens wou neem was 'n persoon wat glad nie in die Christendom belanggestel het nie. Al hoe Albert hierdie jong man kon oortuig om saam te gaan was om hom te vra om die vragmotor te bestuur. Toe die jongklomp in die saal ingaan het Albert se gas ook besluit om maar binne te wag vir die ander omdat dit buite baie koud was. Hy was vasgevang deur die preek en het elke aand teruggegaan om te luister en op die laaste aand het hy ook op die prediker se uitnodiging, na vore gestap om sy lewe vir Jesus te gee.



Sedert daardie dag het die jong vragmotorbestuurder die evangelie met minstens 250 miljoen mense gedeel en die geestelike raadgewer vir 9 Amerikaanse presidente geword.

Sy naam: Billy Graham.

Jy hoef nie die Nuwe Testament te memoriseer nie. Jy hoef nie welsprekend of dinamies te wees nie. Al wat jy moet doen is om tyd saam met Jesus te spandeer en vir iemand oor jou ervaring met Jesus te vertel. Vertel vir iemand as Jesus jou gebed beantwoord of as jy God se vrede beleef. Wie weet of daardie persoon nie 'n Billy Graham of 'n Petrus is nie!

## **DAG 4**

### **Stefanus**

Handelinge 6:1-5

Handelinge 7:54-8:3

Stefanus was soos 'n meteoriet wat deur die naghemel gevlieg het: kortstondig maar helder en skouspelagtig.

'n Handjievol volgelingen het oorgebly nadat Jesus opgevaar het na die hemel. Die tydperk tussen die hemelvaart en die Damaskus-bekering van Paulus was ongeveer een jaar lank. En tydens hierdie jaar lees ons oor die kort bediening van Stefanus. Hy was die eerste persoon wat besef het dat die dood van Christus die priesters se offers in die Tempel oorbodig gemaak het en dat die nougesette navolging van die wet onnodig is.

In 'n poging om Stefanus se bediening te stop vind die grootste verhoor van die jaar 34 na Christus in Jerusalem plaas.

Stefanus se wakker oë dwaal oor die gehoor in die Sinagoge. Nadat ander oor sy leringe getuig het, word hy geroep na die getuiebank. Sy lewendige, diep stem klink ekstra helder vandag: "Baie van ons het verwag dat 'n prins triomfantelik met 'n swaard omhoog en bloedspatsels op sy klere Jerusalem binnegery sou kom. Maar Jesus het met sandale en 'n Galilese aksent uit 'n timmerman-winkeltjie gestap met sy enigste doelwit: die kruis."

Die vreeslose antwoord vang Paulus onkant. Hy stap dreigend vorentoe maar Stefanus word nie daardeur geïntimideer nie.

Vlak by hom skree Paulus in sy oor: "Ons het genoeg van jou lasterike woorde gehad." Toe slaan hy Stefanus met die vuis teen die neus. Bloed stroom uit sy neus uit.

Stefanus se stem kraak effens: "Vergifnis kom nie meer deur diere-offers nie maar deur geloof in Jesus. "



Paulus se volgende hou slaan sy oogbank stukkend want hy weet sonder twyfel dat hy voor 'n onbekende mag te staan gekom het. "Ek versoek dat hy gestenig word." Sy woorde word met 'n staande toejuiging begroet.

Buite waar die straf voltrek word reën die klippe op Stefanus neer en deur die pyn sien hy net voordat hy sterf 'n visioen waar Jesus aan die Regterhand van God *staan*.

Maar orals in die Bybel lees ons dat Jesus aan die regterkant van God *sit*. Hoekom sien Stefanus dat Jesus aan die regterhand van God *staan*? Die Bybel is dit eens dat nadat Jesus redding bewerk het, het Hy hemel toe gegaan en gaan *sit* aan die regterhand van God. Hy *sit* want wat Hy moes gedoen het, het hy voltooi. Hoekom sien Stefanus hom *staan* aan die Regterhand van God?

Jesus sien Stefanus kry swaar en Hy *staan* op. Die pyn is te veel vir Stefanus en Jesus kan nie *sit* en kyk nie. Sy kind het pyn en Hy *staan* op om hom te help. Hy *staan* altyd op wanneer Sy kinders probleme of pyn het. Wanneer jy deur swaar tye gaan en alles voel te veel vir jou - Kyk op en sien Jesus aan die Regterhand van God – nie *sit* nie, maar *staan* met sy arms oop na jou toe.

## DAG 5

### Ananias

Broer Saul, die Here het my gestuur sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word.

Handelinge 9:17

Paulus was voor sy bekering 'n toegewyde terroris met geen keer in sy Jihad nie. Hy was 'n moordenaar van gelowiges en baie van die gelowiges in Jerusalem het gevlug. Een van hierdie vlugteling se naam was Ananias. Hy het in Damaskus gaan bly en 'n klein gemeentetjie begin. Toe hulle hoor Paulus is oppad, het hulle bewend blikkies sardientjies en waterbottels begin bêre vir die nag van die lang swaarde.

Sonder dat hierdie beangstes dit weet verskyn Jesus êrens op die droë, stowwerige pad tussen Damaskus en Jerusalem aan Paulus, hy kom tot bekering en word na Reguitstraat in Damaskus geneem .

Toe verskyn God aan Ananias en stuur hom na Reguitstraat. Ananias protesteer. "Nee Here, U maak 'n fout. Dis 'n terroris daardie. 'n Vyand van die kerk. Ek kan nie gaan nie." Maar hy gaan tog en in Reguitstraat stap hy die donker huis in en maak die deur van 'n klein kamertjie oop.

En daar sit hy, die mees gevreesde man onder die gelowiges rondom die Middelandse see, bene gekruis, op die vloer en prewel. Die vlieë gons oor die



onaangeraakte blikbord met kos voor hom. Die Bin Laden van die jaar 36 na Christus.

Annanias gaan sit op die klipgrond langs Paulus en neem die hand van die voormalige fanatikus in sy hand en hy sê: “Broer Saul, die Here het my gestuur sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word.”

Trane loop uit Paulus se oë en was die skille voor sy oë weg. Hy kon weer sien. Binnekort sou hy die mees uitstaande prediker en teoloog van alle eeue word. God gebruik Paulus om die wêreld te wen, maar Hy gebruik Ananias om Paulus aan te raak.

‘n Paulus is daardie persoon waarop almal opgegee het . Dit is die mees onwaarskynlikste man om te kan verander want hy is te verslaaf, te oud, te onstabiel, te aggressief. Niemand het meer hoop vir ‘n Paulus nie.

Maar jy het ‘n visie vir hierdie persoon deurdat God hom in jou lewe en gedagtes bring.

Om ‘n Ananias te wees is om in iemand te glo waarin niemand anders glo nie. Ananias noem Paulus “Broer.” Hy sê Jesus het hom gestuur sodat Paulus kan sien en die Heilige Gees kan ontvang. Ons kan dit ook vandag by ons werkplek doen. Ons kan mense soos geliefde familie behandel wanneer ander daardie persoon verwerp. Ons kan hom of haar herinner dat Jesus vir hom omgee. En bid dat hy die Heilige Gees sal ontvang.

## **DAG 6**

### **Paulus**

Die tog na Damaskus was Paulus se idee. Hy sou gelowiges gaan verskrik en die Jode daar gaan versterk. Hy en sy soldate klim toe op hulle perde en pak die 217 km na die noorde aan. Vir Paulus was dit ‘n heilige oorlog. Sy Jihad. Die pad is warm. Vandag nog staan die pad bekend as ‘n oond. Hulle is dors en die waterbottels word vinnig leeg. Dis bedompig. Die sweet tap hulle af. Hulle liggame voel taai. Hulle energie neem af.

En êrens op hierdie droë, stowwerige pad skyn daar skielik ‘n lig. Paulus se perd skrik en spring. Hy val af en lê in die sand met hierdie lig sodat hy niks kan sien nie. En hier waar hy in die stof lê, lig hy sy kop en vra: “Wie is U?”

Later sou hy in Hand 26: 14 onthou wat Jesus gevra het: “Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Jy maak jouself net seer deur jou teen My te verset.”

Paulus was reeds in die greep van oortuiging. Die intensiteit van sy stryd teen die kerk het sy innerlike woelinge verklap. Mens veg al hoe harder teen die waarheid wanneer jy dit half bewustelik weerstaan. Daar is geen twyfel dat Stefanus se dood ‘n diepe indruk op Paulus moes maak het nie. Paulus, goed



opgevoed in die profete, moes begin nadink het toe hy die getuienisse van al die gelowiges en die apostels hoor. Daarom dat hy hom met soveel toewyding gewy het om hulle stemme dood te maak want hy het self begin twyfel. Toe Jesus aan hom op die pad verskyn het, het hy reeds teen die oortuiging, dat Jesus dalk wel die opgestane Messias is, geveg. Jy kan nie bekeer word teen jou wil nie.

'n Bekering impliseer nie noodwendig 'n verandering van geloof nie. Daar is baie volwassenes wat die Christelike godsdiens intellektueel en sosiaal aanvaar het, maar nooit werklik 'n radikale verandering ondergaan het nie. Hulle het nie nuwe mense geword nie. Sulke mense het 'n bekering nodig; nie 'n verandering van hulle godsdiens nie, maar van hulle godsdienspraktyk, van hoe hulle hulle godsdiens uitleef. Paulus het so 'n bekering gehad.

## **DAG 7**

### **Tomas**

Tomas sê vir hulle: "...as ek nie die merke van die spykers in Sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie..."

Johannes 20:25b

Toe sê Jesus vir Tomas: "Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo."

Johannes 20:29

Ek dink nie een van ons sal vandag kan sê: "Ek het nog nooit getwyfel aan sekere aspekte van geloof nie." Ek bedoel nie daarmee dat jy nie glo dat Jesus jou Verlosser is nie. Ongeloof is nie twyfel nie. Ek praat van die twyfel wat soms by jou opkom soos byvoorbeeld of God weet van al die trauma wat jy beleef? Is Hy bewus dat ek werkloos is? Weet hy hoe angstig ek is oor my gesondheid? Gebeur dinge toevallig met my of is dit God se hand wat daar werk?

Op ons geloofspaaie sal ons gedurig verskillende emosies en oortuigings ervaar. Die een dag kan ons maklik en vol oortuiging glo en die volgende dag sien jy iemand sterf vir wie jy so ernstig gebid het en dit wil nie mooi sin maak nie. Aan die een kant glo jy dat God sy engele stuur om jou te beskerm en dan twyfel jy weer as jy hoor van mense in jou omgewing waar daar gewapende aanvalle was.

Jy is in goeie geselskap as jy twyfel. Iemand baie naby aan Jesus was een van die wat getwyfel het – nie aan Sy liefde vir Jesus nie. Tomas was baie lief vir Hom.



Nie aan sy lojaliteit aan Jesus nie – Tomas was altyd lojaal teenoor hom. Hy het getwyfel aan een aspek en dit is Jesus se opstanding. Daar is nie so iets soos twyfelvrye geloof nie. Geloof staan nie teenoor twyfel nie. Twyfel en geloof is vervleg in mekaar.

As ons eerlik met ons geloofslewe aangaan moet ons erken dat ons soms oor sekere aspekte van ons geloof twyfel. Tomas het getwyfel. Toe sy vrae beantwoord is, het hy nie eens nodig gehad om die Opgestane Jesus aan te raak nie. Om Hom te sien was genoeg. Hy uiter een van die grootste belydenisse in die Bybel: Hy noem Jesus: “Here en my God.” Tomas se twyfel lei hom na groter geloof as wat hy voorheen gehad het.

Jesus sê vir Tomas dat hy geglo het omdat hy dit met sy eie oë gesien het. Jesus se dan iets baie belangrik vir ons vandag. Hy sê dat hulle wat glo sonder om te sien geseënd is. Kan jy na jou verhaal kyk en na die toekoms en soos Tomas bely: “U is aanwesig waar ek ook al is. Niks is toevallig nie. Dit is U hand en al kan ek dit nie sien nie bely ek U is Here en my God.”

## DAG 8

### Petrus

Toe sê Jesus vir hulle: “Julle sal almal van My afvallig word.”

Petrus het vir Hom gesê: “ ... ek sal nie.”

Jesus sê toe vir hom: “Jy sal vandag nog, voordat die haan ‘n tweede keer kraai, My drie maal verloën.”

Maar Petrus het nadruklik gesê: “Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie.”

Markus 14:29-31

Jesus en Sy dissipels is oppad na Getsemane toe. Die Paasmaal is so pas klaar. Soos so baie van ons se lewens, was Petrus se lewe gekenmerk deur emosionele hoogtes en laagtes. En hier sê Petrus ewe selfvoldaan: “Al sal almal U verloën, sal ek nie – al moet ek sterf in die proses!”

Ons ken die bekende verhaal verder. Toe die haan die tweede keer kraai, besef Petrus dat hy die één ding wat hy gesê het hy nie sal doen nie, wel gedoen het. Hy is verpletterd deur sy eie optrede.

Het jy al iemand in jou lewe teleurgestel? Het jy al gevoel dat jy Jesus teleurgestel het? Miskien het jy Hom iets belowe en dit nie nagekom nie. En jy voel soos Petrus... gebroke.

Genadiglik hou die verhaal nie hier op nie. Nadat Jesus opgestaan het, wil Jesus vir Petrus laat verstaan dat Hy hom nie verlaat nie en hy vra vir die vroue om



spesifiek vir Petrus te gaan sê dat Hy hom in Galilea sal kry. Hy het nie moed opgegee met Petrus nie. Hoekom sal jy jouself verwyf vir jou foute as Jesus jou nog 'n kans gee?

## **DAG 9**

### **Paulus**

#### Handeling 27

Lees gerus die hele hoofstuk. Dit klink soos 'n aksiebelaaide film.

Paulus en die bemanning is in 'n groot storm op die see vasgevang. God sê vir Paulus dat die storm net 'n deel van Sy plan met Paulus se lewe is. En ook dat Paulus en die bemanning die storm sal oorleef. Die bemanning glo nie die boodskap nie en probeer sake in hulle eie hande neem en sommiges probeer selfs om van die skip af te kom. Selfs al het God belowe dat hulle die storm sal oorleef is die bemanning vreesbevange.

Daar was net een man wat die vaart geniet het en dit was Paulus. Op daardie moment was die storm die veiligste plek in die wêreld vir Paulus om in te wees want hy was binne die wil van God. God het belowe dat hy en die bemanning nie sal sterf nie. Hy vertrou God en Sy beloftes.

Ons is dikwels geneig om die lewensskip te verlaat sodra die storms opsteek. Die beste plek waar jy kan wees wanneer die storms om jou woed, is die plek waar God jou wil hê. Wanneer jy is waar die Here jou geplant het, sal Hy vir jou voorsien. Jy kan nie die see van die lewe wat om jou woed en die sterk winde stilmaak nie. Vertrou God dat Hy saam met jou in hierdie storm is en mag dit jou vrede gee dat jy binne die plek van Sy wil vir jou lewe is.

## **DAG 10**

### **Moses**

Toe die Amalekiete by Refidim teen Israel kom veg het, het Moses vir Josua gesê: "Kies vir ons manskappe en gaan veg more teen die Amalekiete. Dan sal ek op die top van die heuwel gaan staan met die kiere wat God my gegee het, in my hand."

Eksodus 17:8-16





Die Amalekiete was 'n uiters wrede nasie wat bekend daarvoor was dat hulle hulle bure gereeld aangeval en doodgemaak het en dan hulle besittings en vee geneem het. Sonder enige waarskuwing kom val hulle die Israeliete aan. Net so tref trauma ons ook skielik en onverwags. Wanneer dit gebeur wonder ons dikwels: *Hoe gaan ons ooit hierdeur kom?*

Moses pak dadelik die probleem op 'n praktiese manier aan. Hy beveel sy generaal om te gaan veg. Sommige Christene dink as 'n mens n t bid sal alles regkom. Hulle is siek maar gaan nie dokter toe nie; hulle huwelike gaan deur 'n moeilike tyd, maar hulle doen nie iets daaraan nie. Hulle bid net. Moses sit nie en wag dat 'n weerligstraal die Amalekiete tref nie. Hy begin dadelik met praktiese, strategiese optredes. Maar hy weet ook dat praktiese beplanning nie genoeg is nie – hy gaan bid ook. Interessant bid hy nie vanaf die voorste linie nie maar op 'n afstand, op 'n heuwel. As ons wil bid vir 'n oplossing is dit goed om dit op 'n afstand te doen sodat ons dinge beter kan sien. Ons het soms ruimte nodig om onself te distansieer van ons probleme sodat ons God se stem duidelik kan hoor.

Beplan om die probleem aan te pak en bid dan daarvoor.

## DAG 11

### Barabbas

Aangesien die mense tog bymekaar was, het Pilatus hulle gevra: "Wie wil julle h  moet ek vir julle loslaat: Jesus Barabbas of Jesus wat Christus genoem word?"

Matteus 27:17

Barabbas l  vasgeketting in 'n donker eensame sel. Enige oomblik kan iemand hom kom haal om gekruisig te word. Hy hoor naderkomende voetstappe in die gang. 'n Sleutel draai in die slot. Barabbas weet sy einde is hier – die pynlikste dood in die vorm van publieke teregstelling, die kruisiging.

Die Romeinse wag roep uit: "Barabbas!" Hy staan stadig op en skuifel met vasgekettingde bene en arms na die wagte toe. Tot Barabbas se verbasing neem hulle hom terug na die hofsaal toe waar Pilatus reeds sit.

Hy word oorweldig deur die woorde: "Barabbas, jy word vrygelaat," en sy kettings word afgehaal.

Voordat hy tot sy sinne kan kom word hy uit die saal gestoot. Buite voel hy die vars lug. Mense stap by hom verby. Hy ruik varsgebakte brood verder die straat af. Voor hom sien hy 'n kroeg en slinger daarin. Die kroegman sit 'n groot



beker voor hom neer en nou besef hy eers werklik dat hy deur Pilatus begenadig is. Hy is vry! Tussen die trane van blydschap dink hy aan sy twee tronk-vriende wat hy in die tronk ontmoet het wat op hierdie oomblik gekuisig word en hy draf na Golgota toe.

Van ver af sien hy die drie kruise op die koppie. Sy oë is vasgenael op die middelste een - hy moes aan daardie kruis gehang het.

Hy vra vir iemand langs hom: "Wie is die arme drommel aan die middelste kruis?"

Die man antwoord: "Dit moes Barabbas gewees het maar hierdie Man sterf in sy plek."

## DAG 12

### Esegiël

"... Mens, Ek stuur jou na die Israeliete toe ..."

Esegiël 2:2

Die boodskap van die Bybel is dat God mense roep. Ons het hoop omdat God ons roep om hoop te gee. Die Bybel is vol roep-verhale waar God mense roep om hoop te gee. Mense van verskillende ouderdomme, geslagte en persoonlikhede word deur Hom geroep. In vandag se gedeelte roep God vir Esegiël en wys deur sy roeping dat die mens 'n rol speel in die Goddelike plan. Esegiël word geroep om 'n profeet onder sy eie mense te wees. Hy was nie geroep om 'n profeet vir die hele wêreld te wees nie, al sou sy boodskap mettertyd die hele wêreld bereik.

God roep ons vandag ook. Soos Hy mense in die Bybelse tyd geroep het wanneer daar 'n krisis was, so roep Hy ons om in krisistye aan mekaar hoop te bring. Sy roeping en bemagtiging loop hand aan hand.

Mense wat hoop gee neem die verantwoordelikheid vir ander mense se genesing en behoeftes en gee so hoop aan ander. Hulle neem die verantwoordelikheid op hulleself om stemme te wees vir diegene wat sonder stem is. Hoopdraers gee mekaar waarde en bemagtig mekaar sodat elkeen plek en geleentheid sal kry om ten spyte van tekortkominge 'n unieke bydrae te lewer.

